




Baba voëltjie
vind sy mamma

Graad R



Eendag was daar 'n Mamma Voël, en sy het 'n pragtige nes in 'n groot boom gebou. Sy lê toe drie eiers in haar nes en gaan sit daarop om dit warm te hou. Mamma Voël sit vir 'n lang tyd op haar eier in haar nes.





Maar toe word sy baie honger. Sy wil uitgaan en 'n vet, sappige wurm gaan soek om te eet. Mamma Voël vlieg toe weg om wurms te gaan soek.

Voëltjie is in die eiertjie, maar hy wil uitkom. Hy pik die binnekant van die eier met sy snawel. Toe pik hy weer en hy maak 'n klein gaatjie. Hy stoot sy snawel deur die gaatjie en die eier breek, en daar kom Baba Voëltjie uit!



Hy is só bly dat hy sy vlerkies skud. Baba Voëltjie kyk rond en soek sy mamma en sê, "Waar is my mamma?" Hy kyk op en af en oral rond, maar hy sien haar nêrens nie. "Ek gaan my mamma soek," sê Baba Voëltjie.



Hy klim net daar uit die nes! Hy kan natuurlik nie vlieg nie, want hy is nog te klein. Hy val en val en val met 'n boem! op die grond. Maar hy is 'n sterk en dapper voëltjie en hy staan op, skud sy veertjies reg en stap weg om sy mamma te gaan soek.



Die eerste dier wat hy sien is 'n koei. “Koei, is jy my mamma?” vra hy die koei. “Moeeee!” sê Koei. “Ek is nie jou mamma nie, maar ek sal vir jou melk gee”. “Nee dankie,” sê Baba Voëltjie, “Ek moet my mamma kry”. Hy loop verder en sê, “Waar is my mamma? Ek moet my mamma kry”.



Kort daarna kom hy 'n bok teë. “Bok, is jy my mamma?” vra hy die bok. “Bêêê! Bêêê!” blêr die bok en hy skud sy harige kop. “Kom eet lekker soet gras saam met my.” “Nee dankie,” sê Baba Voëltjie, “Ek moet my mamma kry”. Baba Voëltjie loop verder en sê, “Waar is my mamma? Ek moet my mamma kry”.



Die volgende dier wat hy teëkom is 'n vark. “Vark, is jy my mamma?” vra Baba Voëltjie hoopvol. “Ek is nie jou mamma nie, maar jy kan saam met my in die modder kom rol, gmff-gmff!” snork Vark. “Nee dankie,” sê Baba Voëltjie, “Ek moet my mamma kry”.



Baba Voëltjie voel hartseer. Hy wonder, gaan ek ooit my mamma kry?
En hy stap verder.





Net toe stap hy by ouma se huis in. Sy hoor 'n fyn stemmetjie wat “Twiet-twiet” sê. Min weet sy dis Baba Voëltjie wat sê, “Waar is my mamma?”

Sy tel vir Baba Voëltjie op. “Jy lyk verdwaal,” sê Ouma. “Ek weet waar jou mamma is.” Sy loop in die paadjie af in die rigting van die groot bome.



Hulle stap eerste verby die varke in die modder. Tweede verby die bokke en derde verby die koeie.



Ouma vind die nes en sit vir Baba Voëltjie versigtig terug in die nes.



Kort daarna kom Mamma Voël teruggevlieg. Sy het 'n lang wurm in haar bek. Baba Voëltjie roep opgewonde, "Is jy my mamma? Ek weet jy's my mamma!" Sy sê, "Ja, ek is jou mamma". Hy maak sy bekkie oop en eet die wurm op.



Mamma Voël gaan sit toe lekker styf teen haar baba in die nes. Baba Voëltjie is baie bly om weer by sy mamma te wees.



Die einde



Vraagstelling

1. Hoeveel eiers het mamma voëltjie gelê?
2. Waarom het mamma voëltjie van haar nes af weg gevlieg?
3. Wie het baba voëltjie gaan soek?
4. Wie het baba voëltjie eerste, langs die pad gevra of sy, sy mamma is?
5. Wie het baba voëltjie tweede, langs die pad gevra of sy, sy mamma is?
6. Wie het baba voëltjie derde, langs die pad gevra of sy, sy mamma is?
7. Wie het vir baba voëltjie gehelp om sy mamma te vind?
8. Toe ouma vir baba voëltjie terug vat na sy nessie toe, in watter volgorde het hulle nou verby die diere gestap?
9. Wat het mamma voëltjie terug gebring?
10. Hoeveel eiers moet nog uitbroei?